Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Desember 2018

BYVOEGMIDDEL KEUSE MET GLIFOSAAT

In Suid-Afrika, het dit ‘n standaard praktyk geword om glifosaat met ‘n ammoniumsulfaat byvoegmiddel toe te dien.

Die gebruik van die korrekte ammoniumsulfaat byvoegmiddel word ook deur Villa aanbeveel. Glifosaat word egter ook dikwels met ander byvoegmiddels soos benatters, olies, kleefmiddels en verskeie ander, toegedien. Dit word aangeneem dat al hierdie byvoegmiddels ‘n voordelige effek op glifosaat onkruidbeheer het.

Ongelukkig is dit dikwels nie die geval nie, en sekere byvoegmiddels kan hoogs antagonisties teenoor glifosaat wees, wat dan tot swak onkruidbeheer kan lei. Die glifosaat kry dan die skuld vir die verlaagde effektiwiteit waar die verkeerde byvoegmiddel keuse eintlik die sondebok is.

Olie byvoegmiddels

Olie byvoegmiddels word soms met glifosaat gebruik of is deel van die tenkmengsel omdat dit met die ander produkte in die mengsel aanbeveel word. Olies is baie effektiewe byvoegmiddels indien dit met sekere onkruiddoders teen die korrekte dosisse toegedien word.

Glifosaat is egter baie vatbaar vir die antagonistiese effek van sekere olies en daar is net ‘n paar spesifieke olie byvoegmiddels wat effektief met glifosaat gebruik kan word. Verskeie glifosaat registrasie houers in die VSA het streng riglyne oor watter olie byvoegmiddels met hulle produkte gebruik kan word. Die rede hiervoor is omdat sekere olies die glifosaat opname proses kan belemmer.

Hierdie antagonistiese olies kan sekere petroleum- (minerale-), plant- of gemetileerde saadolies insluit. Daar is net ‘n paar olie byvoegmiddels wat spesifiek geformuleer is om met glifosaat toegedien te word. Raadpleeg asseblief die glifosaat registrasie houer voordat ‘n olie byvoegmiddel toegedien word.

Ander byvoegmiddels

Ander byvoegmiddels, buiten die olies, word ook dikwels met glifosaat toegedien. Dit sluit die benatters, kleefmiddels, buffers, fulviensuur, byvoegmiddels wat opname aansprake het, en verskeie ander, in. Die gebruik van sommige van hierdie byvoegmiddels is soms ongewens omdat glifosaat etikette gewoonlik spesifieke aanbevelings oor byvoegmiddels maak.

Wanneer ‘n byvoegmiddel met glifosaat toegedien word, kry asseblief die goedkeuring van die registrasie houer. Maak verder ook seker dat die byvoegmiddel wel die glifosaat effektiwiteit bevorder en dat dit nie antagonisties is nie.

Byvoegmiddels word dikwels met die regte intensie met glifosaat gebruik, maar indien die verkeerde byvoegmiddel gekies word, sal dit die effektiwiteit en onkruidbeheer benadeel.

Villa se mening

Glifosaat onkruidbeheer sal met die gebruik van die korrekte byvoegmiddel verbeter word. Ongelukkig is die teendeel ook waar, waar glifosaat onkruidbeheer deur die verkeerde byvoegmiddel keuse, benadeel sal word.

Maak asseblief seker dat die byvoegmiddel gebruik deur die glifosaat registrasie houer goedkekeur is, en dat dit die effektiwiteit verhoog. Maak ook seker dat byvoegmiddel aansprake met glifosaat, op wetenskaplike proefresultate en nie op aannames gebasseer word nie.

Indien die byvoegmiddel aanspraak te goed klink om waar te wees... is dit dalk te goed om waar te wees!

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za